

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Saak Nr. : 1994/2004

In die saak tussen:

PRESTASI BROKERS (PTY) LTD

APPLIKANT

en

ERIKA CECILIA SNYMAN

RESPONDENT

AANGEHOOR OP:

28 OKTOBER 2004

UITSPRAAK:

VAN COPPENHAGEN R

GELEWER OP:

25 NOVEMBER 2004

[1] Applikant se aansoekstukke is in Engels, die argumente en respondent se stukke was in Afrikaans. Hierdie uitspraak sal die taal van die debat volg.

[2] In applikant se gewysigde Kennisgewing van Mosie word 'n bevel met die volgende regshulp aangevra:

- “1. The Respondent be interdicted and restrained from competing unlawfully with the Applicant by using any confidential information and/or trade secrets of the Applicant, more particularly, any information obtained from the Applicant’s client files and the Applicant’s client information management database;
2. The Respondent be interdicted and restrained from soliciting any of the Applicant’s clients whose names appear in the Applicant’s client files and client information management database and/or other documentation as its clients for a period of years prior to 31 October 2003;
3. The Respondent be interdicted and restrained from imparting or using any information obtained by the First Respondent whilst acting as a broker at the Applicant’s Welkom branch;
4. Costs of suit against the Respondent;
5. Further and/or alternative relief.”

[3] Die feite wat óf nie weerlê is nie óf gemeensaak is óf deur

respondent voorgelê is en nie inherent vals of onwaarskynlik is nie, (vgl. **NGQUMBA/DAMONS N.O./ JOOSTE/ v DIE**

STAATSPRESIDENT EN ANDERE 1988 (4) SA 224 H 225

C – H is in konteks die volgende:

Respondente het reeds sedert 1986 as makelaar in Welkom-distrik by verskeie instansies en ook in 2002, toe applikant die korttermyn besigheid van J D Financial Services (Edms) Beperk h/a as Andre Delport Makelaars by laasgenoemde instansie oorgeneem het, as makelaar gewerk.

Na oorname van J D Financial Services (Pty) Ltd deur applikant het respondent 'n ooreenkoms, aanhangsel "HB2", op 1 November 2002 met 'n Alacrity Financial Services Ltd aangegaan. Die volledige terme, voorwaardes en bepalinge van gemelde ooreenkoms was nie voor die Hof geplaas nie; feit is egter dat Alacrity korrespondent se salaris van R7 000,00 per maand betaal het en dat die ooreenkoms onder andere die volgende bepalinge bevat:

“That I (respondent) may neither directly or indirectly apply during my services at the company or afterwards any information to which I have access or which is at my disposal to enrich or in any way benefit myself or any other company or institution to the detriment of the company or any other company in Alacrity Financial Services.”

In ‘n ongedateerde dokument getitel “ooreenkoms ten opsigte van beperking op handelsvryheid” – aanhangsel “HB2”, HB3” – met applikant en respondent as partye, word onder andere die volgende bepaal:

“3. Om by diensbeëindiging, om welke rede ookal, alle inligting, naamlyste, drukstukke, dokumente en dies meer wat enigsins inligting van welke aard bevat aangaande die belange, besigheid en kliënte van Prestasi aan Prestasi te oorhandig en om op geen wyse hoegenaamd te poog om enige van voormelde stukke of inligting te behou of aan enige individu of instansie behalwe soos hierin ooreengekom, beskikbaar te maak, te oorhandig of te openbaar nie.”

4. Alhoewel Prestasi van die makelaar verlang om nuwe kliënte te werf en bestaande kliënte te diens en te behou, verklaar die makelaar hiermee dat alle regte ten aansien

van sodanige kliënte in Prestasi sal setel en dat die makelaar geen regte of aanspraak van enige aard ten aansien van sodanige kliënte sal hê nie, aangesien Prestasi die makelaar vergoed vir enige dienste wat die makelaar aan sodanige kliënte lewer. In hierdie verband bevestig die makelaar dat al sy aksie bloot ten bate en ten behoewe van Prestasi is.

5. Die makelaar onderneem om vir 'n tydperk van 2 jaar vanaf diensbeëindiging, om welke rede ookal, nie namens homself of 'n ander persoon of instansie besigheid te werf, op te neem by 'n persoon of instansie wat te enige tyd gedurende sy diens 'n kliënt van Prestasi was nie of om op enige wyse hoegenaamd te poog om 'n persoon of instansie wat te enige tyd gedurende die makelaar se diens by Prestasi 'n kliënt van Prestasi was, te probeer afrokkel vir 'n tydperk van 2 jaar nadat die makelaar opgehou het om aldus in diens te wees.
6. Die makelaar verklaar en bevestig dat aangesien Prestasi landwyd sake doen, die beperkings in hierdie ooreenkoms na verwys, van toepassing en geldig sal wees ten aansien die hele gebied van die Republiek van

Suid-Afrika.”

Prestasi, applikant, het nie die respondent vir dienste vergoed nie.

Op 31 Oktober 2003 het die respondent haar dienste by Alacrity en/of applikant beëindig en onmiddellik by First Link Insurance Brokers as makelaar diens aanvaar.

[4] Dit is onbetwis dat respondent as makelaar persone of instansies wat van applikant se makelaarsdienste gebruik het, voordat respondent eersgenoemde se diens verlaat het, vir haar huidige werkgewers diens.

[5] Respondent verklaar nadruklik dat geeneen van gemelde kliënte deur haar gewerf was nie en/of dat sy oor enige vertroulike inligting wat sy terwyl sy in diens applikante was, beskik of gebruik in haar, of ter bevordering van haar huidige werknemers se diensbetrekking nie.

[6] Dit is van belang om te konstateer dat applikant, behalwe vir

vae en soms hoorsê bewerings, geen feite voorgelê het wat daarop dui dat respondent inderdaad kliënte van applikant na diensbeëindiging gewerf het nie, en nog minder dat respondent van vertoulike inligting van applikant ter bevordering van haar amp of diensbetrekking gebruik het.

- [7] Om 'n aansoek soos die onderhawige te slaag, moes applikant op die stukke oortuig, van luidens **LAWSA VOLUME 11 FINAL INTERDICT : REQUISITES FOR A FINAL INTERDICT par. 309 p. 288:**

“(a) a clear right;

(b) an injury actually committed or reasonably apprehended;
and

(c) the absence of similar protection by any other ordinary remedy.

- [8] Op die feitebasis waarop die saak bereg moet word, het applikant nie 'n saak uitgemaak vir die bedes in paragrawe 1 en 3 van die Kennisgewing van Mosie, doodgewoon omdat applikant geen inbreukmaking of te wagte inbreukmaking op enige van gemelde regte bewys het nie.

- [9] Na die ooreenkomste waar applikant vir die aangevraage regshulp steun, is reeds verwys en so ook na die betrokke passasies in daardie ooreenkomste waarop applikant steun. Eweneens is verwys na die regshulp deur applikant aangevra. Verdere oorweging word beperk tot die regshulp in bede 2 of dan paragraaf 2 van die Kennisgewing van Mosie aangevra. Die bede in die gewysigde vorm is eweneens hierbo aangehaal.
- [10] Applikant verlang 'n bevel wat respondent verbied om enige kliënte wat op applikant se kliënte lêers en/of inligting asook databasis of ander inligting was op 31 Oktober 2003 verskyn, te werf – Engels “solicit”.
- [11] “Solicit” blykens die **NEW SHORTER OXFORD ENGLISH DICTIONARY** het die betekenis in konteks “to seek assiduously, to obtain (business, a favour etc.); ask earnestly or persistently for request, invite”. As aanvaar word, wat vir doeleindes hiervan gedoen word, (sonder om aldus te

beslis), dat applikant wel 'n reg het om werwing van applikant se kliënte soos op 31 Oktober 2003 deur respondent per kontrak te verhinder, het applikant geen feite op rekord geplaas dat respondent sodanige kliënte “gewerf” het nie. Die erkenning van respondent dat kliënte haar genader het vir diens, stel nie, in konteks die werwing (soliciting) daar nie; immers, geen feite dui daarop dat respondent enige handeling verrig het om kliënte van applikant soos op 31 Oktober 2003 vir besigheid versoek, ernstig gevra of uitgenooi het nie.

[12] Applikant het ook op die aanvaarde feite gewoon nie oortuig dat respondent inbreuk gemaak het of dat 'n dreigende inbreuk op gemelde regte bestaan nie.

[13] Uit die voorafgaande is dit reeds duidelik dat die aansoek nie kan slaag nie.

[14] Myns insiens, is daar ook 'n verdere grond waarom ek nie my diskresie, waarmee ek bekleed is, ten gunste van

applikant sal uitoefen nie.

[15] Applikant kwantifiseer reeds in die funderende stukke die beweerde skade tot op die sent. Geen rede bestaan in gemelde omstandighede waarom 'n aksie vir skadevergoeding nie voldoende regshulp sal verleen nie.

(Vergelyk **FOURIE v UYS** 1957 (2) SA 125 (C) 128 en

CANDID ELECTRONICS (PTY) LTD v MERCHANDISE

BUYING SYNDICATE (PTY) LTD 1992 (2) SA 459 (C)).

[16] Die volgende bevel word gemaak:

16.1 Die aansoek word afgewys met koste.

G. VAN COPPENHAGEN, R

Namens applikant:

Adv. E.L. Theron
In opdrag van:
Rossouws Prokureurs
BLOEMFONTEIN

Namens respondent:

Adv. S.J. Reinders
In opdrag van:
Honey Prokureurs
BLOEMFONTEIN

/spieterse